Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

Weeklikse Brood vir **9 – 15 Augustus 2020**
**Tiende** week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Genesis 37: 1-4, 12-28**
*Skriflesing vir volgende week: Genesis 45: 1-15*

**Sondag – *Ingenooi in God se rus en tyd***

- ✓ Koninkrykstyd fokus op die heerskappy van Christus die Koning. Jy is in die teenwoordigheid van die ewige God. Kry ’n foto–album en blaai daardeur, dink terug aan alles in jou lewe gebeur het en dink daaraan dat God daar was. Onthou ons nog wat God in die verlede vir ons gedoen het?

Lees ***Genesis 37: 1-4, 12-28***.

- ✓ Ons hoor in die verhaal van Josef iets van God se betrokkenheid by ons lewe en by die geskiedenis van die wêreld. Hoewel God se naam maar net twee maal pertinent in die hele verhaal genoem word, wys dit daarop dat God by ons betrokke is in die alledaagse keuses en handelinge van gewone mense.
- ✓ Wanneer Josef na sy broers gaan, neem hulle sy kleed (’n simbool van sy verwaandheid?) weg en gooi hom in ’n put. Josef word as slaaf verkoop. Die antwoord op sy drome en lyding kom eers jare later.

Lees **Psalm 105: 1-6**. Let op na die oproep in vers 5.

- ✓ Die Christelike geloof is al as ’n onthou-geloof beskryf. Stem jy saam? Waaraan herinner die Bybel ons alles?

***Maandag – Luister na God se Woord***

- ✓ Ons leef daagliks ons alledaagse lewe in die koninkryk van God. Is ons bewus daarvan? Leef ons met die wete dat God by ons wêreldgeskiedenis betrokke is, of is ons ontevrede wanneer dinge met ons en rondom ons gebeur wat anders is as wat ons graag sou wou hê?

Lees ***Genesis 37: 1-4, 12-28*** en ***Romeine 10: 1-21***.

- ✓ Die tema van redding, vryspraak en geloof kom in Romeine 10: 1-4 voor. Dink daaroor en identifiseer dit in die Skrifgedeelte.
- ✓ Dink na oor die boodskap van die Skrifgedeeltes. Dink aan alledaagse dinge waardeur jy gaandeweg bewus geword het van God se hand in jou lewe.

***Dinsdag – Luister na mekaar***

- ✓ Watter Bybelverhale vertel ons graag vir ons kinders? Waarom? Watter stories vertel Christene vir mekaar? Waarom? Watter rol speel die vertel van stories in ons gesin, ons gemeente, ons kerk?
- ✓ Wanneer kry ’n storie wat ons hoor vir ons ’n Goddelike dimensie? Wanneer dit ’n mooi einde het; of wanneer daar iets onverklaarbaars gebeur het; of wanneer...?

Lees ***Genesis 37: 1-4, 12-28***.

- ✓ Ons lees hier van ’n gesin wat in ’n krisis gedompel word. Die ouer broers doen ’n vreeslike ding aan hulle jongste broer! Waarom sou Israel hierdie hartseer verhaal aan hulle kinders vertel het?
- ✓ Besluit om die volgende paar dae fyn te luister watter stories mense vertel en of jy iets van God in hierdie stories waarneem.

Lees ***Romeine 10: 1-21***. Dink oor wie almal deel vorm van die kategorie “medegelowiges.”

- ✓ Geloof in Jesus as die Here is die grondslag vir verlossing. Daar is net een grond vir redding en vryspraak. Glo jy dit?
- ✓ Paulus gaan verder om die gelowiges te beskryf in Romeine 10: 11-13. Hoor die klem op “niemand” in hierdie verse. Dit is ’n inklusiewe begrip. Wat hoor jy by medegelowiges hieroor?
- ✓ As gelowiges bely ons God se heerskappy deur oral waar ons leef en werk tekens van God se heerskappy op te rig. Hy regeer reeds oor alles. Ons wil in alles wat ons doen en in alledaagse dinge die koninkryk van God uitlig. God is immers reeds daar aan die werk. Ons bid om bewus te word van God se werk en om daarby betrokke te raak.”

### *Woensdag – Luister na ander en die tye*

- ✓ Koerante en nuusmedia is *storiedraers*. Op watter soort stories fokus die sekulêre media? Watter stories oorheers die nuus hierdie week? Is dit moontlik om iets van God in hierdie stories waar te neem?
- ✓ Waarom is dit so moeilik om na party stories te luister? Byvoorbeeld om na stories oor Covid–19 en Corona te luister? Kan ons maar rustig ons rug op sulke stories draai of moet ons miskien juis mooi luister om te hoor wat God daardeur vir ons wil sê?
- ✓ Daar is waarskynlik verskillende plekke in die gemeente en gemeenskap waar mense aktief besig is om God se heerskappy uit te lig. Dalk doen hulle dit deur aksies of organisasies wat behoeftiges ondersteun. Is daar so 'n plek waar jy betrokke kan raak?

Lees ***Romeine 9: 30-10: 15*** met perspektief op die ganse wêreld.

- ✓ Wat sê ander mense oor God se betrokkenheid in ons wêreld? Dink hieroor na aanleiding van Romeine 10: 2 se "die regte insig."
- ✓ Kyk weer na verse 14 en 15. Sou 'n mens kon se dat Paulus sy lesers wil beweeg om storiedraers van die evangelie te word?

### *Donderdag – Luister weer na God se Woord*

- ✓ 'n Ondersoek van ons lewe kan ons bewus maak van plekke in ons lewe waar God ons reeds gebruik. Kies 'n tyd in die dag om stil te word en oor jou dag na te dink.

Lees ***Genesis 37: 1-4, 12-28***. Watter emosies heers in hierdie vertelling?

- ✓ Is daar in hierdie verse enige aanduiding dat die verhaal later 'n ander wending sou neem?
- ✓ Wat sal jy van iemand dink wat aan die einde van Gen 37 vir Jakob sou sê: "Ag, Josef het gekry wat hy gesoek het, hy moes van beter geweet het"?
- ✓ Watter troos sou jy vir Jakob probeer gee as jy hom aan die einde van Gen 37 sou ontmoet?
- ✓ Ken ons die hartseer van gebroke gesinne? Hoe troos ons wanneer gesinne groot hartseer beleef?

Lees ***Psalm 105: 16-21***.

- ✓ Hoe is dit moontlik dat die hartseer van Genesis 37 hier as 'n goeie verhaal vertel word?

### *Vrydag – Fokus op wat God nou doen*

- ✓ Waaraan sou jy weet dat God wel ingegryp het in ons omstandighede en wêreld?

Lees ***Psalm 105: 1-9, 16-21, 45***.

- ✓ Die Psalmdigter verwoord 'n diepe verlange na die duidelike ingrype van God in dit wat nou gebeur. Het jy al so gevoel? Verlang jy na God se ingrype?
- ✓ Dink terug aan die foto's waarna jy gekyk het. Dink terug aan die stories wat jy die afgelope dae gehoor het. Dink terug aan Josef se hartseer wat 'n verhaal van God se ingrype geword het.
- ✓ Wat is die verband tussen dit wat God nou doen en dit wat sy kinders in gehoorsaamheid aan Hom doen?

Lees ***Romeine 10: 5-15***. Dink na oor waarheen ons gestuur word.

- ✓ Paulus verduidelik hoe mense tot geloof in Christus kom. Deur ons alledaagse werk en ons gehoorsaamheid aan Christus kan ander mense van Christus se werk in ons lewe bewus word.
- ✓ Hoe kan ons ons lewe so lei dat ons voetstappe by mense uitkom na wie ons gestuur word?
- ✓ God sal verseker sy belofte van redding gestand doen. God hou sy belofte dat niemand wat in Jesus glo teleurgestel word nie. Nog 'n belofte: Wie die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Die goeie boodskap word nog verkondig.
- ✓ Dank God vir tekens van sy koninkryk.

### *Saterdag – Antwoord met jou lewe*

Lees ***Psalm 105: 12-25***. Watter frases het jou getref?

- ✓ Let op hoë die bekende Bybelverhaal digterlik vertel word. Let op hoe die digter beklemtoon dat dit eintlik God is wat gehandel het, al weet ons dis die geskiedenis van vorige geslagte.

Lees ***Romeine 9: 1-5.***

- ✓ Stel jou tot beskikking as God se boodskapdraer. Onthou *Romeine 10: 15* "*Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring.*"
- ✓ Identifiseer die werkwoorde wat die gelowige se reaksie beskryf. Besluit hoe jy die woorde in die komende week gaan uitleef (loof, aanroep, bekend maak, vertel ensovoorts).
- ✓ Vertel stories van God en herinner jou aan sy groot dade.

Lees ***Psalm 105: 1-6, 16-22, 45b*** as jou antwoord op wat die Here jou die week geskenk het.

# Familie Tuisblad

**9 – 15 Augustus 2020**

**Fokus vers**

**Genesis 37: 1**
Jakob het in Kanaän gebly,
die land waar sy voorvaders ook as vreemdelinge gebly het

in samewerking met *nous.org.za*

**Tema van die week**

In God se sorg…

**Bybel tyd**

**So:** Genesis 37: 1-4, 12-28
**Ma – Di:** Matteus 14: 33-33
**Wo – Do:** Psalm 105: 1-6, 16-22, 45b
**Vr – Sa:** Romeine 10: 5-15

**Bid tyd**

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie, vir die goeie boodskap van elke ete die boodskap dat u sorg.  Amen.

**Oorgee–gebed**
Help ons om vandag vir mense goeie nuus te wees.  Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jy vandag die goeie nuus van die evangelie hoor.

**Gesels tyd**

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel–tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- Wie is die witbroodjies in julle huis.  Die een wat voorgetrek word?  Praat ook oor die witbroodjies in die gesinne van herkoms, ma en pa en families.
- Dink nou weer oor die witbroodjie in julle huis en vra die volgende vrae:
  - Wie word voorgetrek in die keuse van 'n kamer?
  - Wie word voorgetrek in watter kos gemaak word?
  - Wie word voorgetrek in die keuse van 'n kamer?
  - Wie word voorgetrek in die keuse van wat julle kyk?
  - Wie word voorgetrek met klere?
- Dis interessant as jy spesifieke vrae vra hoe dit dan ook ander is wat voorgetrek word.

**Speel tyd**

Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

Maak 'n eenvoudige familieboom en probeer langs elkeen se naam 'n persoonlikheidstrek of vaardigheid of plek of geleentheid neerskryf waarmee daardie persoon die wêreld 'n beter plek kon maak of gemaak het.

**Doen tyd**

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Ons moet weet hoekom die Here ons gemaak het soos ons is, met ons persoonlikheid en vaardighede.  Die Here het dit so beplan en deur jou wil Hy die wêreld 'n beter plek maak.  Dink aan een ding wat jy kan doen om net julle huis 'n beter plek te maak.  Iets wat net jy kan doen omdat jy jy is!

**Leef tyd**

Ons leef ons geloof heelweek uit

Daar is altyd 'n rede hoekom die Here iets doen.  Dalk is dit goed om te dink aan julle gesin en wie almal deel daarvan is en wie wanneer gebore is en watter persoonlikheid elkeen het.  Dit alles is God se manier om vir ons te sorg.

## Josef en sy drome

[1]Jakob het in Kanaän gebly, die land waar sy voorvaders ook as vreemdelinge gebly het.
[2]Hier volg die familiegeskiedenis van Jakob.

Josef was nog jonk, sewentien, toe hy kleinvee opgepas het saam met sy broers, die seuns van Bilha en Silpa, sy pa se vrouens. Josef het slegte stories oor sy broers by hulle pa aangedra.

[3]Van al sy seuns was Israel die liefste vir Josef, die seun wat in sy ouderdom gebore is, en
daarom het hy vir Josef lang klere met moue gemaak. [4]Toe sy broers sien dat hulle pa vir
Josef liewer het as vir enige van hulle, het hulle 'n afkeer van Josef gekry en het hulle niks goeds oor hom gesê nie.

*****

## Josef word 'n slaaf

[12]Josef se broers het hulle pa se kleinvee gaan oppas in Sigem. [13]Toe sê Israel vir
Josef: "Kyk, jou broers pas die kleinvee op in Sigem. Ek wil jou na hulle toe stuur."

Josef het geantwoord: "Goed, Pa!"

[14]Toe sê Israel vir hom: "Gaan kyk of alles nog reg is by jou broers en met die kleinvee en kom vertel my alles."

Israel het hom van die laagte by Hebron af gestuur na Sigem toe. [15]Hy het daar in die
veld rondgesoek, en toe kom 'n man by hom en dié vra vir hom: "Wat soek jy?"

[16]Josef antwoord hom: "Ek soek my broers. Kan jy my dalk sê waar hulle die kleinvee oppas?"

[17]Toe sê die man: "Hulle het van hier af versit. Ek het gehoor hulle sê hulle wil na Dotan toe gaan."

Josef is toe agter sy broers aan en hy het hulle by Dotan gekry.

[18]Hulle het hom al van ver af gesien en voor hy by hulle gekom het, het hulle
ooreengekom om hom dood te maak. [19]Hulle het naamlik vir mekaar gesê: "Kyk, daar
kom die ou dromer aan. [20]Kom ons maak hom dood en gooi hom in 'n put. Ons kan sê 'n
roofdier het hom opgevreet. Dan sal ons sien wat word van sy drome."

[21]Ruben het hulle hoor praat en omdat hy vir Josef wou red, het Ruben gesê: "Nee, ons
moet hom nie doodmaak nie. [22]Moenie moord pleeg nie. Gooi hom liewer in hierdie put
hier in die veld. Moenie sy lewe neem nie." Ruben het dit gesê sodat hy vir Josef kon red en hom na sy pa toe kon terugstuur.

[23]Josef het skaars by sy broers aangekom of hulle trek sy klere uit, die lang klere met
moue wat hy aangehad het, [24]en vat hom en gooi hom in die put. Dit was 'n droë put,
sonder water. [25]Daarna het hulle gaan sit en eet, en toe hulle weer sien, kom daar 'n
klomp Ismaelitiese handelaars uit Gilead aan. Hulle was op pad na Egipte toe en op hulle kamele was daar gom, balsem en hars gelaai.

[26]Toe sê Juda vir sy broers: "Watter nut het dit vir ons om ons broer dood te maak en
dit dig te hou? [27]Kom ons verkoop hom aan die Ismaeliete. Ons moenie sy lewe neem
nie, hy is ons broer, hy is bloedfamilie."

Juda se broers het na hom geluister, [28]en toe daar van die Midianitiese handelaars
verbykom, het die broers vir Josef uit die put uit opgetrek en vir twintig stukke silwer aan die Ismaeliete verkoop en dié het hom Egipte toe gevat.

Genesis 37 lui 'n nuwe episode in die openbaringsgeskiedenis van God in – in die sin dat dit nou nie net oor 'n uitverkore geslag gaan nie, maar dat hierdie geslag begin groei tot 'n uitverkore volk.

Hiervan sien ons nog niks by Abraham of Isak nie. Alles in hulle lewe gaan oor die persoonlike. Dit is eers by die derde aartsvader, Jakob, waar jy begin ontdek dat God besig is om 'n uitverkore nasie te vestig. Daarom die woorde in vers 2: "Hier volg die familiegeskiedenis van Jakob."

Daar word reeds in die voorafgaande hoofstukke na Jakob en sy ervaringe verwys. Die aankondiging in vers 2 dui eintlik aan dat dit nou nie net meer oor Jakob se persoonlike lotgevalle gaan nie, maar oor gebeurtenisse wat die volk Israel aan die vorm is.

In Genesis 37 word die naam van God nie genoem nie. Tog is die Here nie afwesig nie. Hy is op 'n verborge wyse aanwesig: "*It urges that in the contingencies of history, the purposes of God are at work in hidden and unnoticed ways. But the ways of God are nonetheless reliable and will come to fruition."*

Dit is God wat Josef laat droom en wat beskik dat Josef in Egipte beland sodat al die Israeliete uiteindelik van hongersnood gered word (sien ook Ps 105: 16-17). Hierdie waarheid word eers aan die einde van hierdie stuk geskiedenis (Gen 50: 20) uitdruklik so deur die skrywer gestel. Dit gaan in hierdie verhaal oor God se ondeurgrondelike weë – oor hoe Hy op verborge wyse werk deur die swakheid (3), die haat (4), afguns (11) en die bygeloof (22, 27) van die mens.

Hierby sluit die gedagte aan dat God se uitverkore kinders op aarde dit nie altyd maklik het nie. Dit gaan nie vir hulle altyd voor die wind nie. Dink aan Abraham wat 'n swerwer geword het, Jakob wat twintig jaar lank vir Laban moes werk en Josef wat as slaaf verkoop is. Josef moes 'n pynlike pad stap as gevolg van menslike sonde. Maar uiteindelik gebruik God hom in sy groot genade as instrument nie net om lewe aan sy familie en die ganse volk Israel te gee nie, maar ook om weer met hulle en die volk versoen te raak.

**Bronnelys**


- Aalders, C H ***Genesis;***
- Brown, R E Fitzmyer, J A & Murphy, R E ***The New Jerome Biblical Commentary,***
- Brueggemann, W ***Genesis,***
- Coats, G ***Genesis,***
- Fox, E ***The Five Books of Moses,***
- Gillingham, S, **The Image, the Depths and the Surface**;
- Jonker, W D & Theron, PF ***Vreemde gemeenskap,***
- Jonker, W D & Theron, P F ***Vreemde bevryding,***
- Mann, T ***Joseph and His Brothers***
- Niditch, S **Chaos to Cosmos: Studies in Biblical Patterns of Creation**;
- Trible, P **God and the Rhetoric of Sexuality**;
- Van Wolde, E **Stories of the beginning**.
- Van Selms, A ***De prediking van het Oude Testament,***
- Von Rad, G ***God at Work in Israel,***
- Wallace, R S ***The story of Joseph and the family of Jacob,***
- Westermann, C ***Genesis 37-50,***
- *Woord teen die Lig 11/3,* ***Riglyne vir prediking oor die Genesisverhale.***

**9 – 15 Augustus 2020**
**Kleingroep**
**In God se sorg**
**Genesis 37: 1-4, 12-28**

Jesus Leef en ons met Hom

**1. Kontak met mekaar**
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Wat is geneig om jou jaloers te laat voel?

**2. Kontak met God**
Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 105: 1-6** as 'n gebed.
Dink na oor die dade wat God al in jou lewe gedoen het.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

**3. Kontak met die Woord**
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- In hoofstuk 37 word die naam van God nie genoem nie. Beteken dit dat God nie hier teenwwordig was nie? Indien Hy wel teenwoordig was, hoe? Wat leer ons hieruit? Genesis 50: 20 sal help.
- In die verhaal leer ons Josef, sy broers en sy ouers ken. Beskryf elkeen en die foute wat hulle gemaak het. Wat is die gevolge en wat kon ons daaruit leer?.
- Hoekom het Josef vir sy familie vertel van sy droom? Hoe dink jy oor sy broers se reaksie?
- Plaas jouself in Josef se skoene. Wat sou jy gedink en gevoel het daar onder in die put? Hoe sou jy teenoor jou broers gereageer het? En teenoor God?
- Josef se situasie moes taamlik uitsigloos gevoel het. Is daar iets wat jou tans so laat voel? Hier kan julle oorweeg om vir mekaar te bid.
- Op watter maniere is hierdie teks vir jou 'n ontwrigting of 'n bemoediging?
- Josef moes kwaad en gegriefd gevoel het teenoor sy broers. Is daar iemand teenoor wie jy so voel? Is jy bereid om te vergewe? Hoekom of hoekom nie?

**4. Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

**Pitkos:**
Die Josef–verhaal is 'n meesleurende verhaal: wanneer ons dié verhaal lees word ons telkens ingetrek om deel te neem aan die verhaal, so asof jy en ek ook iewers deel uitmaak van die karakters van die storie. Hierdie verhaal betrek jou hart en lewe. Tog wil die Josef–verhaal ons bó alles aan God voorstel. Daarom moet ons by die lees van hierdie verhaal

telkens vir onsself afvra: Wat dink God nou hiervan? Waar pas God nou in hierdie prentjie in? Wat het van God en sy beloftes in hierdie verhaal geword?

Kom ons begin by die begin! Jakob het 12 seuns gehad. Ruben was die oudste kind en sy ma was Lea. Simeon, Levi, Juda, Issaskar en Sebulon is ook deur Lea in die wêreld gebring. Ragel was Jakob se lieflingvrou. Haar twee kinders was Josef en Benjamin. Bilha, Ragel se slavin, het ook nog vir Jakob Dan en Naftali in die wêreld gebring. Silpa, wat Lea se slavin was, het ook geboorte geskenk aan Gad en Aser. En dit was nou veral die vier slavin–kinders van Jakob wat onder Josef se nuusdraery deurgeloop het.

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek? Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?